

Stappie

NUUSBRIEF VAN DIE ATLETE VIR CHRISTUS

BLOUVLEIWEG 56, WELLINGTON 7655

JAARGANG 19, NOMMER 2

JUNIE 2012

Groen toer

Atlete vir Christus gaan vanjaar 'n groen toer hê. Dit gebeur in samewerking met die Universiteit van Stellenbosch en die organisasie *Groen vir Lewe*.

Vanjaar se toerleier, **Hentie Smit** (A11,12), het aan **Stappie** gesê dat Atlete vanjaar saam met die verspreiding van die Evangelieboodskap ook die Universiteit van Stellenbosch se Hoopprojek die land wil indra.

Hentie het vertel dat die groep gaan probeer om 'n inheemse boom van hoop in elke dorp te plant waar hulle tuisgaan om sodoende te wys dat Maties – en natuurlik Atlete vir Christus – omgee en lewe wil gee. Bome simboliseer lewe en ons plant hulle tot eer van God. Die boomplanting is die wyse waarop ons ons menslike impak op die omgewing verklein, sodoende dra ons ook by tot 'n skoner en groener planeet en verminder ons ons koolstofvoetspoor.



Hentie Smit

Hentie sê: “Ons wil 'n voorbeeld aan ander sportspanne stel wat Maties verteenwoordig en sodoende ons deel vir die Hoopprojek doen. Calvin, die groot kerkvader, het voor sy dood gesê: “Al doen jy nie veel in 'n leeftyd nie, plant net 'n appelboom! Ons vier dus die lewe saam met die gasheer-gemeentes deurdat ons saam iets vir die nageslag nalaat.”

Al die logistieke reëlings vir elke dag se boomplanting (voorsiening van die boom, bepaling en voorbereiding van die terrein en so meer) word deur die Universiteit en *Groen vir Lewe* behartig.

Oor die afgelope semester en Al die voorbereiding van die toer, het Hentie gesê dat die Here se nabyheid in tye van groot druk en paniek weer eens net soveel was dat 'n mens eenvoudig nie kan stil bly oor die goedertierenheid van die Here nie. “Met die aanloop na die toer het Hy in Sy alwysheid net weer kom kalmte spreek en met geskifte gepraat waarin

Koebaai-optrede

Vanjaar se koebaai-optrede van die groep voordat hulle na Mosambiek vertrek vir die voortoerkamp, vind op **Dinsdag 26 Junie 2012** op Stellenbosch plaas. Dit gebeur weer by Azaleahof, 'n tuiste vir bejaardes. Die adres is Van Riebeeckstraat 11. Die telefoonnommer daar is 021 8870136. Die optrede word gereël vir 18:30 vir **19:00**.

Dit sal lekker wees om jou ook daar te sien.

die belofte staan van 2 Kronieke 15:7: “Wees sterk en moenie moedeloos word nie, want julle werk sal beloon word.” Hierdie jaar sien ons geweldig uit na 'n toer wat uit sy nate bars met soveel lewe wat uit die groep gaan vloei na ons land se gemeenskappe.”

Mooi groot



Net na afloop van vanjaar se toer, op 20 Julie, vier **Fanie Richter** (A75) sy 60ste verjaarsdag. *Atlete vir Christus* wens hom vreugde en seën toe. Dis 'n voorreg om in sy Atletespoor te trap.

Skynmaagd

Sophia van Taak, die tydskrif *Weg!* se artikelredakteur, skryf in *Die Burger*: “Hulle het nes Die Antwoord byna oornag bekend geword – daar is nog nie ’n CD in sig nie, maar hul musiek lê die sosiale media vol. Ontmoet *Die Skynmaagde*, die duo oor wie se “Kommunis-sokkie” almal, van Max tot Koos en Anton, twiet.



Karin en Wilken Calitz

Op 6 April twiet Anton Goosen: “Luister ’n bietjie duidelik hierna ...” gevolg deur ’n skakel na ’n liedjie getiteld “Kommunis-sokkie” op die aanlyn-musiekplatform Soundcloud.

Drie dae later twiet Koos Kombuis oor dieselfde liedjie: “Uiteindelik ’n splinternuwe klank in Afrikaans.”

Kommunis-wát? Die *song* is al meer as 7 600 keer geluister, sien ek. En dit is ook al 100 keer afgelaai – die kwota wat Soundcloud toelaat. Ek druk *play*. Terwyl ’n Nicholis Louw-agtige sokkietreffer begin speel, gaan loer ek op die webtuiste van die duo agter dié liedjie.

Die tuisblad verkondig: “Die Skynmaagde het asof vanuit nêrens alombemind geword en aan bewind gekom. Hulle vul die swanger stiltes met post-apokaliptiese Afrikaanse folk-grunge.”

Intussen kreun die sanger in my ore: “Hier is ek weer, met my rooi hoed voor jou deur. Ek wil jou hê, ek gaan jou kry...”

Ek krap nog ’n bietjie op Die Skynmaagde se webblad rond. Die twee lede heet Ewig Verwey en Blackie Swan. Die een is kwansuis in ’n rietmandjie gevind, viool in die hand, terwyl die ander deur dolfyne grootgemaak is. Ewig is **Wilken Calitz** (S03), ’n voltydse musikant. Blackie is Henry Cloete, ’n joernalis.

Wilken is ook nog betrokke by C2C (Classics 2 cabaret) ’n groep van vyf musikante wat die eklektiese klank en die ou klassieke stukke kombineer.

Wilken en sy vrou is ook die groot stukrag agter die Jamestown Sounds, ’n musiekprojek in Jamestown buite Stellenbosch wat met behulp van musiek na kinders in Jamestown uitreik.

Brassie



Uit pure verlange het **Thom Scholtz** (A96,97,98,99), sy vrou **Christa** (Viljoen, S97) en **Salome** (Meintjes) **Zee-man** (S96,97,98,99) onlangs in Engeland hulle eie brassie gereël en vir **Stappie** laat weet. Thom was in 1998 ook die leier van *Atlete*.

Mondig



Oom Bol is weer vanjaar die toerpa van *Atlete vir Christus*. Dit is die 21ste keer wat hy as toerpa gaan optree. Sy eerste toer was in 1977.

Aan die einde van die toer sal oom Bol heelwat meer as 40 000 toer-km agter die blad hê. Daarvoor het hy ook net minder as 400 Bybelstudies uitgewerk en omtrent net soveel boodskappe

gebring.

Oom Bol het aan **Stappie** gesê dat hy baie uitsien na die toer omdat elke toer ’n geleentheid is om diensbaar te wees en ’n mens in ruil daarvoor soveel van die Here, die toerlede en die mense ontvang. Hy het gesê elke toer het sy unieke en spesiale momente wat die toer in geheel onvergeetlik en verrykend maak. Maar ’n mens moet nooit vergeet om steeds in die gewone roetine dinge die hand van die Here raak te sien nie.

Die tema van vanjaar se toerbybelstudie is oorgawe (surrender) en oorwinning onder die tema *Amped!*

Toerroete vir 2012

Hentie en Jana, vanjaar se toerleiers, het die finale toerroete vir 2012 bekend-gemaak. Daarvolgens gaan die span 1 892 km in die drie weke aflê. Die toer begin in Pongola en eindig op Calvinia. Die langste skof is 'n bietjie meer as 21 km en die kortste net minder as 5 km (maar, bygesê, dit is daardie dag bo-oor die Drankensberg van Natal na die Vrystaat toe). In totaal het Atlete oor die jare al meer as 75 000 km vir die een of ander sendingprojek afgelê. Die is onbekend hoeveel geld oor die jare ingesamel is. Die optrede in Bloemfontein vind in Fichardpark plaas.

1	Ma	2 Julie	Pongola		Louwsburg	
2	Di	3 Julie	Louwsburg		Vryheid	63
3	Wo	4 Julie	Vryheid	Dundee	Newcastle	143
4	Do	5 Julie	Newcastle		Memel	49
5	Vr	6 Julie	Memel	Warden	Reitz	146
6	Sa	7 Julie	Reitz	Bethlehem	Senekal	123
Week 1						
Totaal:						596.5
7	Ma	9 Julie	Senekal	Marquad	Winburg	96
8	Di	10 Julie	Winburg	Brandfort	Bloemfontein Fichardpark	125
9	Wo	11 Julie	Bloemfontein		Petrusburg	83
10	Do	12 Julie	Petrusburg	Jacobsdal	Kimberley	137
11	Vr	13 Julie	Kimberly	Campbell	Douglas	109
12	Sa	14 Julie	Griquastad		Groblershoop	214
Week 2						
Totaal:						765.1
13	Ma	16 Julie	Groblershoop	Upington	Keimoes	159
14	Di	17 Julie	Keimoes		Kenhardt	78
15	Wo	18 Julie	Kenhardt		Brandvlei	143
16	Do	19 Julie	Brandvlei		Calvinia	150
Week 3						
Totaal:						530.5

Toertotaal 1892,1 km

Gemiddelde afstand per atleet per dag 11,8 km

Kaapstad-Jeugkoor

Leon Starker

(S82,83,A84,S85 A87), dirigent van die bekende Pro Canto-Jeug-koor, het sy koor se naam verander na die Kaapstad-Jeugkoor. Hy het ook verlede jaar sy MMus in koorafrigting in Port Elizabeth verwerf.



Leon se koor is wêreldbekend. In 2002 het hulle die *Choir of the World* titel by die Llangollen Internasionale Eisteddfod in Wallis verower. In 2006 het hulle die goue medalje vir die Vierde Wêreld-Koorspele in Xiamen, China, gekry. In 2008 is hulle gekroon as *Champion of the World Choir Games* by die Vyfde Koor-spele. Verlede jaar het hulle twee goue medaljes losgesing ny die Tweede Grand Prix van Koormusiek in Oostenryk, Graz.

Tydens die koor se verskeie internasionale toere het hulle al opgetree in Carnegie Hall (New York, 2008), Salisbury-Katedraal (2008 and 2011), St Paul's Cathedral (Londen, 2008), asook verlede jaar in die *Grosse Aula* – die tuiste van Mozart in Salzburg.

'n Paar maande gelede het hulle ook die musiek van 'n klankbaan opgeneem vir die nuwe mini-reeks van die BBC2, *Labyrinth*.

NB

Nommer verander vir bydraes

NB

Atlete vir Christus draf weer vanjaar om fondse bymekaar te maak om Bybelstudiegids in tronke beskikbaar te stel. Dit is belangrik om daarop te let dat die bankinligting verander het vanweë rasionalisering van al die bank-rekenings van die gemeente. Die gemeente het nou net een rekening. Daarom is dit belangrik dat jy die verwysing **AvC** byvoeg sodat jou geld op die regte plek beland. Jou bydrae sal opreg waardeur word. Hier is die nodige inligting as jy 'n bydrae wil maak:

NG Kerk Stellenbosch
Nedbank, Business Winelands
Rek: 1498043232 (Tjek)
Takkode: 149821
Verwysing: AvC

Stappie

Die volgende uitgawe van **Stappie** kom verskyn teen die einde van Oktober. Daarin word onder meer vertel hoe vanjaar se toer verloop het. Laat gerus ook van jou hoor. Vertel ons van jou doen en late – en stuur gerus 'n foto of twee saam.

Stappie
Blouvlieweg 56, Wellington 7655
Sel: 079 524 4541
Tel: 021 873 2768
Epos: diebolle@patat.co.za

Spinnekop-Skoenlapper



Esther (Pretorius) van der Westhuizen (S80,81) is die stigter en eienaar van die bekende en gewilde *Butterfly World* naby Klappmuts.

Esther het in 1986 by die Universiteit van Wes-Kaap as dosent in Dierkunde begin werk, nadat sy haar MSc in Dierkunde op Stellenbosch voltooi het. Sy het vir sowat nege jaar daar klas gegee, waarna sy saam met haar ma die *Butterfly World* begin het.

Skoenlappers en ander goggas het vir Esther al geneem na die reënwoede van Maleisië en Kenia, die Sonorawoestyn in Arizona, en skoenlapperparke in Europa, Australië, Asië en VSA. Sy stel belang in die opvoedkundige waarde, asook die welstand, van diere wat vertoon word in dieretuine, en dien in die uitvoerende komitee van die African Association of Zoos and Aquaria.

In die laaste paar jaar het haar belangstelling begin neig na spinnekoppe, veral toe sy begin agterkom het hierdie groep diere is ongelooflike divers, interessant, misterieus, glad nie gevaarlik nie, en mooi, mooi, mooi! Die deftige naam vir die bestudering van spinnekoppe is arachnologie.

Esther is ook baie behendig en ywerig op 'n kano. Sy het al aan die Bergrivier- en Visriviermarathon deelgeneem en ook al een Dusi gedoen. Tans roei sy saam met haar seun.



Groen en goud

Erika Harmzen (A10) is vir die Proteaspan gekies wat op die oomblik (6-24 Junie 2012) aan die binnemuurse Netbal-Wêreldbeker-toernooi in Brisbane, Australië, deelneem. Dit is egter nie die eerste keer wat sy die Groen en Goud oor haar kop trek nie. Erika is reeds die sewende oud-Atleet wat nasionale kleure verwerf het. Sy was ook al deel van die Aksie-Netbalspan en Drienasiespan.

Badtyd biokot Stappie

Freddie Pienaar (A99,00,01) het laat weet dat dit met hulle goed gaan in Engeland. Hy woon steeds in Oxford. Hulle het onlangs hulle eie huis bekom en hulle is opgewonde om die nuwe tuiste in te rig.



Die adres is soos volg:
7 Buckler Place
Sandford-on-Thames
Oxford, Oxon
OX4 4ST
United Kingdom.

Freddie vertel: "Ek is in 2009 met die lieflike Elizabeth Anne Miller getroud en ons eerste-ling Harry Matthew Pienaar is laas Oktober gebore. Ek is jammer ek kan nie meer skryf nie,

want ek is pas geroep vir badtyd!

Groete en groot AHOE!

Tande in 'n lushof

Dr **Corrie Müller (A83,84)** het die oudste tandheelkundige praktyk in Stellenbosch in 2005 oorgeneem wat in die Reitz-huis in Van Riebeeckstraat gevestig is. Dié statige ou huis is nou deur Decorous Estetiese Konsultante gekoop. Decorous lewer jare lank reeds binnehuisversieringsdienste in Stellenbosch.

Die nuwe eienaars het besluit dat die oudste tandheelkunde-praktyk so moet bly en dus sal Corrie en sy vennoot voortgaan in die gedeelte van die gebou waar hulle tans praktiseer. "Saam met ons en Decorous sal 'n span aktuarisse wees wat hulle op die eerste vloer gaan vestig. Met só 'n gedugte kombinasie is dié twee heel tevrede. Dit is duidelik dat Decorous die huis in 'n lushof gaan omskep en dan is daar nog die aktuaris wat op die koop toe kan help met tande tel! het Corrie geskerts.

Die Reitz-huis self spog met 'n kleurryke geskiedenis. Dr Gys Reitz (1879-1972), 'n seun van pres FW Reitz, het die erf in 1939 van mnr Charlie Neethling gekoop. Hy het daarna die dubbelverdiepinghuis, waarvan die indrukwekkende fasade 'n replika van mev Reitz se ouerhuis in Duitsland was, laat oprig. Die huis is op 'n stuk plaasgrond gebou wat gestrek het van Neethlinghuis in Ryneveldstraat, al langs die noordelike kant van Van Riebeeckstraat tot waar die dameskoshuise van die Universiteit van Stellenbosch vandag staan.

Corrie onthou hoe hy as jong kind op koue winteroggende Die Burger op die stoep afgelewer het, salig onbewus dat hy jare later om heel ander redes, daagliks hierdie huis sou besoek.

